NUUSBRIEF VIR PENSIOENARISSE

LA AFTREEFONDS
Verseker jou aftrede

OKTOBER 2019

Geagte Pensioenaris

Baie dankie aan almal wat die moeite gedoen het om kandidate te benoem. Ons is verheug om aan te kondig dat ons drie kandidate het wat verkiesbaar is.

Noudat die nominasieproses afgehandel is, het u as 'n pensioenaris van die Fonds die geleentheid om te stem vir die kandidaat wat u meen die belange van die Fonds die beste sal verteenwoordig.

HOE WERK DIE VERKIESINGSPROSES?

1

Bring u stem uit deur die ingeslote genommerde stembriefvorm te voltooi. Onthou dat u net vir een kandidaat mag stem. Kinderpensioenarisse word nie toegelaat om te stem nie.

2

Stuur die volledig voltooide genommerde stembriefvorm aan die Fonds per:

- Pos: Posbus 4300, Tygervallei, 7536;
- Epos: support@laretirementfund.co.za; of
- Faks: 021 917 4114

3

Die stemproses sluit op Vrydag, 22 November 2019. Indien u u stembriefvorm per pos terugstuur, moet u asseblief genoeg tyd vir versending laat, aangesien geen stembriewe ná 16:00 op 22 November 2019 aanvaar sal word nie.

Maak asseblief seker dat die stembriefnommer in die boonste linkerkantse hoek van die stembriefvorm duidelik sigbaar is.

Die totale verkiesingsproses word deur die hoofbeampte in haar hoedanigheid as verkiesingsbeampte gemonitor. Die Fonds se ouditeure sal die ingediende stembriewe tel en verifieer.

Die uitslag van die verkiesing sal in Desember op die Fonds se webtuiste, in 'n spesiale nuusflits per e-pos (aan daardie pensioenarisse waarvan ons 'n geldige e-posadres het) en in ons eerste nuusbrief van 2020 aangekondig word.

Die kandidaat met die meeste stemme sal 'n Pensioenaristrustee word. Die uitslag van die verkiesing sal ook gebruik word om plaasvervangers te identifiseer sou enige een van die twee pensioenarisverkose Trusteeposisies vakant raak voordat hul onderskeie dienstermyne verstryk het.

Sodra hy verkies is, sal 'n induksieprogram, voortgesette trustee-opleiding en toegang tot selfstudiemiddele vir die nuutverkose Trustee beskikbaar wees. Daar sal van hom verwag word om te voldoen aan die voorgeskrewe opleidingsvereistes van toepassing op Trustees.

Die dienstydperk is 5 jaar en dit sal op 1 Januarie 2020 begin.

Ons vertrou dat u aktief sal deelneem aan die verkiesingsproses. Dankie dat u die moeite doen om ons te help verseker dat u aftreespaargeld in goeie hande is.

ONTMOET U KANDIDATE

LA AFTREEFONDS



Christiaan Jacobus Franken

"Adv. Christi Franken verwerf 'n BCom (Regte) LLB-graad aan die Universiteit van Stellenbosch, word toegelaat as Advokaat tot die Hooggeregshof van Suid-Afrika in 1991 en is 'n lid van die Vereniging van Pensioenprokureurs en Internasionale Pensioenprokureurs. As uitvoerende hoof van Verso was ek vir die afgelope 20 jaar omvangryk betrokke by die konsultasie, administrasie, algemene jaarvergaderings, regsadvies/uitdagings van die LA Aftreefonds.

Ek dien as direkteur op die eiendomsmaatskappy van die LA Aftreefonds en is nouliks betrokke by die Vereniging van Pensioenarisse (meer spesifiek ook met betrekking tot die beskerming van mediese subsidiebetalings aan afgetrede werknemers/pensioenarisse). Ek is tans die voorsitter van die Beleggingskomitee van Badisa, 'n voormalige trustee van die Verso Sambreelfonds en trustee van 'n eiendomsontwikkeling in Stellenbosch. Ek glo dat 'n trustee 'n persoon is met kennis, maar ook iemand wat die belange van die pensioenarisse/lede dien met hoogste goeie trou, eerlikheid en integriteit."

Adv Christiaan Jacobus Franken

LA AFTREEFONDS

Pieter Willem Esterhuizen

"Ek is 78 jaar oud en is die afgelope 6 jaar verteenwoordiger van die pensioenarisse op die Raad van Trustees. My sterkpunte is bestuur en opleiding wat op skool begin waar ek hoofseun was. As regsstudent op Stellenbosch waar ek die graad BA (Regte) behaal het, het ek as koshuiskomitee-lid gedien. Ek was ook sekretaris van die Juridiese Vereniging.

My ervaring in plaaslike regering behels: Hennenman (assistent-stadsklerk), Victoria-Wes (stadsklerk), Graaff-Reinet (adjunk), Mosselbaai (adjunk), Somerset-Oos (stadsklerk) en Cradock (uitvoerende beampte van Streeksdiensteraad). Ek was ook opleidingsbeampte vir die Opleidingsraad. Ek het vervroegde pensioen geneem in 1996 en het na Bloemfontein verhuis waar ek deeltydse dosent in Publieke Administrasie by UOVS was (ek het in 1995 my Meestersgraad in Publieke Administrasie hier behaal). Ek het ook vir Universiteit van Port Elizabeth afstandsonderrigklasse hanteer. Ek sal graag my werk as verteenwoordiger van die pensioenarisse wil voortsit."

Mnr. Pieter Willem Esterhuizen

LA AFTREEFONDS

Stephanus Willem du Toit

"Ek het my loopbaan begin as 'n siviele ingenieurstegnikus by die destydse Afdelingsraad van Stellenbosch en was verantwoordelik vir die ontwerp en konstruksie van verskeie hoofpaaie in die omgewing. Met die koms van persoonlike rekenaars het ek betrokke geraak by programmering en ander aspekte van rekenarisering en het uiteindelik gevorder tot die IT-bestuurder van die Oostenbergstreek van die Stad Kaapstad.

Ek het in 2007 afgetree en hou my tans besig met my eerste liefde naamlik stap en toer. Ek dien ook as ondervoorsitter op die bestuurskomitee van die Sanlam-Staptoerklub, is voorsitter van die Vereniging van Pensioenarisse van die Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds en dien op die bestuursraad van my plaaslike NG Kerk. My houding is dat indien mens iets gedoen wil hê, raak betrokke."

Mnr. Stephanus Willem du Toit

Noudat u aan die kandidate voorgestel is en so 'n bietjie van hulle te wete gekom het, is dit tyd om te stem!

Trustees: Mnr. DL Carstens (Voorsitter), Me. M van Zyl (Ondervoorsitter), Mnr. HF Botha, Mnr. PW Esterhuizen, Mnr. J Jacobs, Mnr. WR Meiring, Mnr. S Philander, Mnr. JAH van den Berg, **Hoofbeampte:** Me. IT Hartlief

Posbus 4300, Tygervallei, 7536 • Belmont-kantoorpark, Bellville, 7530
Tel: 021 943 5305 • Faks: 021 917 4114 • support@laretirementfund.co.za
www.laretirementfund.co.za • Fondsregistrasienr.: 12/8/1278/2